

**8 September**

**Psalm 139**

**God is altyd en oral teenwoordig**

God weet alles - God is alomteenwoordig - God is skepper. Dit is die openbaring van God wat ons in die Psalm van Dawid ontvang.

Hy weet alles (1-6). In aangrypende detail word dit in die Psalm geskets. Hy deurdring my - wat ek is en wat ek doen is aan God bekend. Hy omring my; ek is ingesluit in sy almag. Hy ken my hart en voor Hom lê alles oop en bloot.

Hy is ook alomteenwoordig (7-12). Ek kan nie van Hom wegvlug nie. Hy is in die hemel en op die aarde en onder die aarde. Nêrens is daar 'n plek waar Hy nie is nie. Selfs die duisternis is vir Hom lig.

Hy is ook die Skepper van die mens (14-18). Hy is betrokke by die mens nog voor sy geboorte en het die mense op wonderbaarlike wyse geskep. Wie die mens is en hoe die mens is word deur God bepaal.

Hoe geweldig is die gedagtes oor die grootheid van God nie?

Hierdie kennis van God kan die mens nie onaangeroer laat nie. Of die mens dit erken of nie - alles wat hy dink en doen, waar ook al - alles wat hy is, is voor die aangesig van die lewende God.

Maak dit u bang? Hy ken my deur en deur. Alles wat ek gedoen het weet Hy. Al was dit in die grootste geheimhouding. Hy ken my boesemsonde waarmee ek my hele lewe lank worstel. Hy ken die liefdeloosheid en ongeduld wat ek soms so goed vir ander mense kan wegsteek.

Ja, dit is genoeg om 'n mens verskrik te maak. Veral as ons weet dat God self in sy Seun Jesus Christus gaan kom om te oordeel oor al die dade.

Vir die ongelowige wat Hom nie erken nie is dit inderdaad verskriklik.

Maar vir ons as gelowiges wat deur Jesus Christus gereinig is kan die wete van God 'n ander reaksie opwek.

Die Psalmdigter is verwonderd (6,14,17,18). Dit laat hom sing van die Here se grootheid. Die wete oorweldig hom en is te hoog vir sy begrip. Dit laat hom lofliedere sing. Dit vervul hom met verwondering.

Die wete bring die mens egter ook op sy knieë (23, 24). Dit laat ons beseef hoe geweldig klein en kwesbaar ons is. Dit laat ons roep na die Goddelike ondersoek in ons lewe: "Here deurgrond my. Deurgrond my hart, ondersoek my tog - sien die onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad."

Sing Psalm 139

Ds. H.S. Coetzee (Bellville-Oos)